

JUNIOR SECONDARY CERTIFICATE

AFRIKAANS FIRST LANGUAGE

1100/2

PAPER 2 Continuous Writing

2 hours

Marks 30

2014

Additional Materials: Answer Book

INSTRUCTIONS AND INFORMATION TO CANDIDATES

- Write your answers in the separate answer book provided.
- Write your Candidate Number and Name in the spaces on the answer book.
- Write in dark blue or black pen.
- Do not use correction fluid.

- Answer **one** question from Section **A** and **one** question from Section **B**.
- All topics in each section of this paper carry equal marks.

- Pay special attention to spelling, punctuation and sentence structure.

This document consists of **3** printed pages.



Republic of Namibia
MINISTRY OF EDUCATION

AFDELING A

- Beantwoord slegs **een** vraag uit hierdie afdeling.
- Skryf 'n opstel van **300 tot 350** woorde oor **een** van die onderstaande onderwerpe.
- Skryf die vraagnommer en titel boaan die bladsy.
- Dui aan die einde die aantal woorde tussen hakies aan.

1 ... en daar staan ek. Wat doen ek nou?

Jy het in 'n moeilike situasie beland en moes op jou eie dinge doen om daaruit te kom.

Hou die volgende in gedagte:

- wat die situasie was,
- hoe jy daarin beland het,
- wat jy gedoen het om daaruit te kom, en wat jy geleer het (lewenslesse).

2 Water is lewe!

'n Gebrek aan en die vermorsing van water bepaal die mens se voortbestaan. Wat is die oorsake en gevolge van genoemde? Bespreek hoe waterbesparing kan plaasvind en hoe bronne beter benut kan word.

3 En toe eers besef ek: ek moes nooit daardie leuen vertel het nie!

4 Vlerke en ankers ... dit is wat tieners nodig het.

Watter rol speel respek, selfdissipline, lojaliteit, eerlikheid en goeie maniere?

5 In Namibië het ons die **Groot Vier** maatskaplike probleme: **misdaad, armoede, MIV/Vigs** en **werkloosheid**. Bespreek die oorsake en gevolge van bogenoemde en gee moontlike oplossings.

6 Moderne tegnologie – vriend of vyand?

[40]

AFDELING B

- Beantwoord slegs **een** vraag uit hierdie afdeling.
- Die inhoud moet ongeveer **150** tot **200** woorde beslaan.
- Skryf die vraagnommer boaan die bladsy.
- Dui aan die einde die aantal woorde tussen hakies aan.

- 1** “Dink vandag, praat môre” is bekende woorde wat Ma vir my gesê het, maar hierdie stukkie goeie raad het ek ongelukkig nie vandag gevolg nie. Ek was vuurwarm van skaamte oor wat ek vir my maat gesê het.

Skryf jou gevoelens oor die dag se gebeure in jou **dagboek** neer. Hoe gaan jy jou uit hierdie penarie loswikkel? Wat gaan Ma se reaksie daarop wees dat jy nie gedink het voor jy gepraat het nie? Hoe gaan jy jou vriendskap met jou maat probeer red?

- 2** Vanjaar was vir jou ’n baie moeilike jaar en jy wil so gou as moontlik daarvan vergeet. Daar was baie hartseer in jou lewe.

Skryf ’n **brief aan jou maat** waarin jy hom/haar van jou moeilike jaar vertel en sê hoekom jy sekere dinge wil vergeet. Noem ten minste **drie** gebeurtenisse en sê ook wat jy beplan om daaromtrent te doen

- 3** As ’n senior leerling van jou skool moet jy die onderwysers en ouers toespreek oor hoe belangrik dit is dat kinders onderrig in waardes moet ontvang. Noem in jou toespraak die waardes wat jy as belangrik beskou en dui aan wat tieners van hulle ouers en onderwysers verwag.

- 4 Koerantberig.** Kies **een** van die onderstaande koerantopskrifte en skryf die berig.

- Polisie vang rowers.
- Vermiste dogtertjie gevind.
- Weggooibaba deur vullisverwyderaars gevind.
- Weeskind maak drome ’n werklikheid – begin eie besigheid.

[20]

BLANK PAGE